
# 'N HERALDIESE WAPEN VIR DIE HISTORIESE GENOOTSKAP

**J.S. Bergh**
*Voorsitter, Historiese Genootskap van Suid-Afrika*

Die bestuur van die Historiese Genootskap het in 1990 besluit om die Buro vir Heraldiek te versoek om 'n wapen vir die Genootskap te ontwerp. Die Buro se ontwerp is deur die bestuur van die Genootskap goedgekeur. Kragtens registrasiesertifikaat nr. 2220, wat op 17 Augustus 1991 deur die Staatsheraldikus uitgereik is, is aan die Historiese Genootskap van Suid-Afrika toestemming verleen om 'n eie wapen te voer. 'n Afbeelding van die wapen verskyn op die voorblad van hierdie uitgawe van **Historia**.




Die Middeleeuse oorsprong van die heraldiek was militêr van aard en daarom word alle heraldiese wapenfigure op 'n skild afgebeeld. Die helm met sy wrong, dekklede en helmteken is eers later tot heraldiese wapens toegevoeg. In die geval van die wapen van die Genootskap is 'n vroeg-Gotiese skildvorm gebruik.

Drie elemente in die ontwerp verdien verduideliking:

Die helmteken, wat uit twee **perkamentrolle** bestaan, verteenwoordig die historiese dokumente wat deur die historikus in sy navorsing bestudeer word. Die feit dat die rolle toegebind is, dui daarop dat dit die taak van die historikus is om die rolle oop te maak - die historiese feite bekend te stel. In die Griekse mitologie word Kleio, die muse van Geskiedenis, tradisioneel ook met 'n papirus- of perkamentrol in haar linkerhand afgebeeld.

Die twee gestileerde **veerpenne** op die skild sluit treffend by die perkamentrolle aan. Die penne dui op die skepping van historiese dokumente, maar ook op die optekening van die geskiedenis deur die historikus.

Die **Kaaps-Hollandse gewel** is 'n eg Suid-Afrikaanse heraldiese skildverdeling; 'n verwerking van die gewone geknobbelde skildverdeling. Die gewel dui ook op die bewaring van ons kultuurhistoriese erfenis.

Hoewel die simboliek van 'n heraldiese wapen nie as onbelangrik beskou moet word nie, moet steeds in gedagte gehou word dat 'n wapen primêr 'n visuele identifikasiemiddel vir die voerder daarvan is.

Die bestuur van die Genootskap en die redaksie van **Historia** beoog om die wapen eersdaags op briefhoofde en ander stukke van die Genootskap, maar ook as 'n integrerende deel van die voorbladontwerp van **Historia** te gebruik.